**DEVON** **Fire Protection Association**
**Brand Bestrydings Vereniging**

# KONSTITUSIE

**1. NAAM VAN DIE VERENIGING:**

Die naam van die Vereniging is die Devon Brand Beskermings Vereniging (BBV), hierna genoem die Vereniging.

Dit bestaan uit die volgende:

1. Devon Brand Beskermings Vereniging (BBV)
2. Nigel Sektor

Die vorming van die Nigel-sektor is 'n tydelike reëling. Die doel is om die Nigel-sektor in 'n onafhanklike BBV te versorg. Versuim van die Nigel BBV om te voldoen aan die grondwet sal die verwydering daarvan regverdig.

**2. ADRES VAN DIE VERENIGING:**

Die adres van die Vereniging is :
**Posbus 104**
**Devon**
**2260**

**3. VERHOUDING VAN DIE WET TOT DIE KONSTITUSIE :**

Die konstitusie is ondergeskik aan die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande. Wet Nr 101 van 1998 (hierna genoem die Wet) en die regulasies daarmee saam.

**4. DOEL VAN DIE VERENIGING:**

Die doel van die Vereniging is om veldbrande in die landelike gebied van die Devon Nigel en omgewing saam met die eienaars en inwoners te voorspel, voorkom, bestuur en te blus.

**5. PLIGTE EN FUNKSIES VAN DIE VERENIGING :**

5.1 Om 'n veldbrand bestuurs strategie te ontwikkel vir die hele gebied.
5.2 Om strategiese beplanning daar te stel met die nodige beheermeganismes vir die koördinering van samewerkings metodes in gevalle van vure wat oor grense versprei.
5.3 Om reëls neer te lê wat lede se pligte en verantwoordelikhede sal bepaal.
5.4 Om ekologiese informasie ten opsigte van die brandgevaaraanslag (waarna in Hoofstuk 4 van die Wet verwys word) aan lede bekend te maak, en waar nodig voorkomende beplanning te doen.
5.5 Om lede en hulle werknemers te organiseer en op te lei in die voorkoming van veldbrande, die bestuur en blus van veldbrande.
5.6 Om lede en hulle werknemers op hoogte te hou van ontwikkeling ten opsigte van toerusting en tegnologie rakende brandbestryding.
5.7 Om bestuurdienste, opleiding en ondersteuning van gemeenskappe beskikbaar te stel om brande te beheer.

5.8 Om op die datum vasgestel deur die Gauteng Umbrella Fire Protection Association (GUFPA) maandeliks verslag te doen van brandstatistiek aan GUFPA (wat dit konsolideer) en aan Departement Landbou Bosbou en Vissery (DLBF/DAFF) voorle
Die Sektor's moet maandliks hul brandstatistiek na die voorsitter stuur.

5.9 Om die Minister ten minste een maal elke jaar van statistiek te voorsein rakende brande in die gebied.

5.10 Om informasie vir die bepaling van die brandgevaaraanslag aan die Minister te voorsein soos versoek.

5.11 Om die dienste te verrig en die bevoegdhede soos deur die Minister bepaal uit te oefen.

5.12 Om 'n Brandbeskermingsbeampte aan te stel.

5.13 Om die delegering van die Brandbeskermingsbeampte se pligte aan die Brandhoofde en Wykshoofde te koördineer.

5.14 Indien 'n plaaslike owerheid lid is van die Vereniging :

5.14.1 Om met die hoof van die brandweer oorleg te pleeg ten opsigte van gesamentlike optredes waar wonings, skure en voerstapels in gevaar is, asook by bestryding van veldbrande in die munisipale gebied.

5.14.2 Om in samewerking met Rampbestuur en die brandweerhoof kursusse te reël vir lede (hierdie kursusse sal oop wees vir alle lede van die Vereniging insluitend plaas werkers en hulle afhanklikes).

## 6. LIDMAATSKAP :

6.1 Lidmaatskap is oop vir alle grondeienaars, huurders, okkupeerders, bestuurders van eiendomme asook beheerders van regeringseiendom en munisipaliteite.

6.2 'n Lid mag 'n persoon as sy agent aanstel mits die lid so 'n aanstelling skriftelik doen en 'n kopie van die aanstelling aan die Brandbeheerbeampte oorhandig of dit spesifiseer op die aansoekvorm. 'n Lid wat 'n agent aanstel om namens hom op te tree, aanvaar volle verantwoordelikheid vir die doen en late van so 'n agent ten opsigte van alle aangeleenthede wat in die Wet, Konstutusie en Reëls aangespreek word.

6.3 Sou die Vereniging tot niet gaan, sal lede slegs aanspreeklik wees vir uitstaande ledegeld.

6.4 Slegs opbetaalde lede sal stemreg hê.

6.5 Stigterslede van die Vereniging is die persone of organisasies wat :

6.5.1 Die stigingsvergadering bygewoon het.

6.5.2 Tydens die vergadering ingestem het tot die stigting.

6.5.3 Wie se name op die presensielys aangeteken is.

6.6 Register van lede :

6.6.1 Alle lede moet Bestuur van die volgende voorsien :

- Naam, adres en telefoonnommer.
- Naam, adres en telefoonnommer van hulle agente of verteenwoordigers.
- Beskrywing en grootte van eiendom wat verteenwoordig word.

6.6.2 Alle veranderings ten opsigte van adresse, telefoonnommers en eienaarskap.

6.7 Bestuur sal 'n volledige register hou van die inligting. Elke Sektor moet hulle eie register hou.

6.8 Regte van lede :
Lidmaatskap van die Vereniging :

6.8.1 Gee aan geen lid enige reg tot enige gelde, eiendom of bates van die Vereniging nie.

6.8.2 Gee die lid reg op die voorregte van lidmaatskap, onderhewig aan enige fooie, betalings en beperkings wat van tyd tot tyd ingestel word deur die Uitvoerende Komitee

6.9 Fooie, betalings en rente :
Die uitvoerende komitee mag van tyd tot tyd

6.9.1 Lidmaatskapgelde bepaal en aanpas.

6.9.2 Tariewe neerlê vir dienste gelewer

6.10 Aanspreeklikheid van lede :

6.10.1 Lede is nie individueel aanspreeklik vir enige skulde van die Vereniging behalwe vir die onbetaalde ledegelde en kostes en die rente daarop.

6.11 Lidmaatskap van Uitvoerende Komitee

6.11.1 Lede moet beskikbaar wees vir 'n periode van 4 jaar, maar aan die einde van hulle termyn mag hulle weer heraangestel word vir 'n volgende termyn, soos wat die Vereniging mag bepaal.

**7. ORGANISASIE VESTIGING :-**

Die vereniging sal onder die beskerming van die volgende Organisasies

7.1 Rampbestuur Devon Landelik

7.2 Devon Distrik Landbou-Unie

**8. PLIGTE :**

8.1 Lede moet sekere minimum standaarde soos neergelê in die reëls handhaaf ten opsigte van brandvoorkoming, brandbestryding en samewerking.

8.2 Waar lede aansoek doen om beheerde brande te doen, om watter rede ookal, mag die Uitvoerende Komitee vereis dat 'n verslag van die plaaslike Voorligtingsbeampte voorgelê word alvorens goedkeuring gegee word.

**9. DELEGASIES :**

9.1 Alle Bestuurskomiteelede word beklee met die bevoegdhede en pligte ingevolge hierdie Wet en die delegasie sal geldig bly solank die persoon 'n komiteelid is of totdat so 'n delegasie deur die Uitvoerende Komitee ingetrek word. Alle Bestuurskomiteelede sal dus oor dieselfde magte as die Brandbeheerbeampte beskik met uitsondering van die bevoegdhede tot arrestasie, deursoeking en beslaglegging. Hierdie uitsondering ontneem nie die Komiteelid van sy burgerlike regte nie. Pligte is soos vervat in die Wet en soos die Uitverdende Komitee bepaal en uiteengesit in die reëls.

9.2 Beperkte delegasies van pligte, soos deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur, mag deur Sektorshoofde aan Assistente gedelegeer word.

**10. REGSPERSOONLIKHEID :**

Die Vereniging is met regspersoonlikheid beklee en het die volle bevoegdheid om alle regshandelinge te verrig wat nodig is ten einde sy doelstellings te bereik wat insluit, sonder die beperking van die voorafgaande, om :

10.1 Een of meer bankrekeninge oop te maak en te bedryf en beleggings te maak van fondse.

10.2 Ooreenkomste van enige aard aan te gaan.

10.3 Persone in diens te neem en te ontslaan.

10.4 Roerende en onroerende eiendom te verkry, te verkoop, te huur of te verhuur.

10.5 Regsgedinge te voer.

10.6 Finansiering te bekom.

**11. FINANSIEEL :**

11.1 Die finansiële jaar van die Vereniging strek vanaf die datum waarop dit tot stand kom tot einde Februarie die volgende jaar, en daarna vanaf 1 Maart van elke jaar tot einde Februarie van elke daaropvolgende jaar.

11.2 Alle finansiële transaksies van die Vereniging word deur die Bestuur geboekstaaf.

11.3 Elke jaar na afsluiting van die finansiële jaar, lê die Bestuur, na gelang van die geval, 'n volledige finansiële verslag voor aan die Algemene Jaarvergadering.

11.4 Die finansiële verslag waarna hierbo verwys word, word onderteken deur die Voorsitter en Bestuur verteenwoordig op die Algemene Jaarvergadering.

11.5 Elke opbetaalde lid is geregtig om insae te verkry in die finansiële rekords van die Vereniging.

11.6 Indien die inkomste van die Vereniging R200,000 (Twee Hondered Duisend Rand) per jaar in waarde oorskry, sal die finansiële verslag vergesel word van 'n sertifikaat onderteken deur 'n ouditeur.

11.7 Ledegeld sal jaarliks aangepas word, soos omstandighede bepaal en tydens die Algemene Jaarvergadering goedegekeur word.

11.8 Sektore sal kwartaaliks hulle finansiële state aan die Voorsitter voorlê.

## 12. ALGEMENE SEKTOR JAARVERGADERING

12.1 'n Algemene Jaarvergadering word gedesentraliseer na die sektore.

12.2 Elke sektor se Bestuur sal jaarliks 'n Algemene Sektor Jaarvergaderig belê binne 90 dae na die einde van die Vereniging se finansiële jaar.

12.3 Kennisgewings van die Algemene Jaarvergadering sal 21 dae voor die Jaarvergadering aan lede gepos of deur middel van elektroniese media versprei word.

12.4 Tydens die Algemene Jaarvergadering sal 'n kworum bestaan uit 40% van die opbetaalde lede.

12.5 Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal 'n vergadering belê word vir nie meer as 7 dae later nie. 'n Aankondiging tydens die vergadering waarop daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal as genoegsame kennisgewing dien. Tydens die vergadering wat so belê word, sal die lede teenwoordig 'n kworum uitmaak.

12.6 Slegs opbetaalde lede sal stemreg hê op die vergadering

12.7 Die volgende sake sal by die Algemene Jaarvergadering hanteer word :

12.7.1 Verslae:

- a. Voorsitter se verslag
- b. Brandbeheerbeampte se verslag
- c. Finansiële verslae insluitend wykverslae
- d. Enige ander verslae wat van belang mag wees

12.7.2 Bepaling van ledegeld

12.7.3 Verkiesing van bestuur

12.7.4 Enige ander toepaslike sake.

12.8 Slegs opbetaalde lede mag aan besprekings deelneem of stem

## 13. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS :

13.1 'n Spesiale Algemene Vergadering mag te enige tyd deur die Uitvoerende Bestuur belê word,behalwe dat die tydperk vir die kennisgewing van so 'n vergadering verminder na 14 dae.

13.2 'n Spesiale Algemene Vergadering moet belê word deur die bestuur indien :

13.2.1 20% van die opbetaalde lede so 'n spesiale vergadering versoek.

13.2.2 Die versoek skriftelik is en die handtekeninge (bokant getikte name) van die lede wat die versoek rig, bevat

13.2.3 Dat die versoek die bestuur ten minste as 90 dae voor die datum van die Algemene Jaarlikse Vergadering bereik.

13.2.4 Die ondertekenaars van 'n versoek om 'n Spesiale Algemene Vergadering sal die administratiewe koste van so 'n vergadering vooruit betaal, behalwe waar ten minste 50% van die opbetaalde lede so 'n versoek steun.

13.3 Reëls soos vir 'n Algemene Jaarvergadering ten opsigte van 'n kworum, stemreg, ensovoorts sal op 'n Spesiale Algemene Vergadering van toepassing wees, behalwe dat indien daar nie 'n kworum is nie, die saak sal oorstaan tot die volgende Algemene Jaarlikse Vergadering tensy die Uitvoerende Komitee anders besluit, behalwe waar die Bestuur so 'n spesiale vergadering belê. Hier geld die reëls vir 'n Algemene Jaarvergadering.

13.4 Tydens 'n Spesiale Algemene Vergadering sal slegs sake ten opsigte waarvoor 'n spesiale vergadering belê is, bespreek word.

**14. BESTUUR :**

14.1 Die Uitvoerende Komitee van die Vereniging sal bestaan uit die genomineerdes van die volgende. Organisasies

14.1.1 'n Lid van Rampbestuur : Devon Landelik word deur die Uitvoerende Komitee volgens hulle diskresie genomineer.

14.1.2 'n Lid van Devon Distrik Lanbou-Unie

14.1.3 Die Brandbeheerbeampte word aangestel deur die minister van DLBF (Departement Landbou Bosbou en Vissery) . Die Brandbeheerbeampte word deur die Uitvoerende Komitee volgens hulle diskresie genomineer.

14.1.4 Die Brandbeheerbeampte sal nie stemreg hê op die—Uitvoerende Komitee vergaderings nie. Ook nie op Bestuursvergaderings nie.

14.2 'n Bestuurskomitee vir die distrik sal bestaan uit die Uitvoerende Komitee. Wykshoofde van die Devon Rampbestuurvereniging (Behalwe waar so 'n Wykshoof om geldige redes nie kan dien nie), asook 'n lid van die Oostelik Gauteng Dienste Raad, maar die laasgenoemde sal egter nie stemreg hê op vergaderings nie.

14.3 Onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee kan 'n Wykshoof iemand in sy plek voorstel. Die uitvoerende komitee moet die plaasvervanger goedkeur.

14.4 Sou 'n Bestuurslid bedank of om een of ander rede nie meer in staat wees om sy of haar verpligtinge na te kom nie, mag die Bestuur 'n plaasvervanger aanwys.

14.5 Die Bestuurskomitee is by magte om in spesiale gevalle in te koöpteer.

**15. BESTUURS VERGADERINGS :**

Bestuursvergaderings sal ten minste twee keer per jaar plaasvind of wanneer die Uitvoerende Komitee dit nodig ag.

**16. NOTULES :**

Notules van Bestuursvergaderings, Uitvoerende Komitee vergaderings en Wyksvergaderins sal deur die een van die Bestuur lede gehou word en sal op versoek ter insae beskikbaar gestel word aan opbetaalde lede.

Sektore se Algemene Jaarvergaderings sal binne 2 weke na die vergadering, aan die Voorsitter gegee word vir bekragtiging waarna dit, hetsy elektronies of met gewone pos. Notules sal op versoek ter insae beskikbaar gestel word aan alle opbetaalde lede.

**17. KONSTITUSIE :**

17.1 Die konstitusie word deur die Minister goedgekeur. Enige wysigings aan die Konstitusie kan slegs deur 'n meerderheid van opbetaalde lede tydens n Spesiale Algemene vergadering goedgekeur word, en aan die Minister voorgelê word vir goedkeuring.

17.2 Sou 'n lid verlang dat die Konstitusie gewysig word, moet hy/sy die voorgestelde wysiging voorlê saam met 'n motivering.

**18. MAGTE VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR :**

18.1 Die Bestuur het die mag en die bevoegdheid om alle handelinge te verrig om uitvoering te gee aan hierdie Konstitusie en die bereiking van die doelwit en die doelstellings van die Vereniging.

18.2 Die Bestuur is gemagtig om enige van sy pligte te delegeer aan enige Bestuurslid van die Vereniging, maar bly verantwoordelik teenoor die algemene vergadering van die Vereniging vir die uitvoering daarvan.

18.3 Uitgawes deur 'n Bestuurslid aangegaan in die uitvoering van sy pligte, kan aan hom/haar vergoed word deur die streek wat hy/sy bedien. Dit is ook binne die Bestuur se mag om honorariums toe te ken in verdienstelike gevalle.

**19. ONTBINDING :**

19.1 Die Organisasie kan ontbind word indien daar so deur 'n tweederde meerderheid by 'n Spesiale Vergadering besluit word.

19.2 Die Minister kan die Organisasie ontbind ingevolge Artikel 8 van die Wet.

19.3 By ontbinding sal alle bates te gelde gemaak word, en pro-rata tot ledegelde tussen opbetaalde lede verdeel word, deur die bestuur, nadat alle verpligtinge nagekom is.

**20. VERTOLKING :**

20.1 Tydens die Algemene vergadering sowel as Bestuursvergaderings het die Voorsitter beide beraadslagende, sowel as 'n beslissende sem, in geval van staking van stemme

20.2 In geval van 'n verskil tussen die Engelse en die Afrikaanse weergawes van hierdie Konstitusie neem die Afrikaanse weergawe voorkeur

20.3 Sou daar 'n verskil ontstaan aangaande die uitleg van hierdie Konstitusie, sal die uitleg van die Uitvoerende Komitee finaal en bindend wees.

**21. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP :**

21.1 Sou 'n lid bedank, verloor hy/sy :

21.1.1 Alle voorregte ten opsigte van bystand met brandvoorkoming en -beheer.

21.1.2 Alle gelde reeds inbetaal.

21.2 'n Lid sal ge-ag word nie meer 'n lid indien ::

21.2.1 Hy nie binne 90 dae na die einde van die finansiële jaar sy ledegeld betaal het nie.

21.2.2 Skriftelik sy/haar lidmaatskap beëindig het.

21.2.3 By afsterwe.

**22. LEDEGELDE :**

22.1 Ledegelde sal jaarliks betaalbaar wees soos in die reëls bepaal en soos van tyd tot tyd gewysig.

22.2 Opbetaalde lede sal voorkeur kry by die gebruik van brandblustoerusting.

22.3 Ledegeld is betaal aan die Sektor

**23. BRANDBLUSTOERUSTING :**

23.1 Toerusting sal deur die Uitvoerende Komitee aan die wyk toegewys word.

23.2 Elke wyk sal self die plasing van toerusting in die wyk doen. Indien daar nie ooreengekom kan word oor die plasing van toerusting in 'n wyk nie, sal die Uitvoerende Komitee die plasing doen en is die besluit finaal en bindend.

**23 STIGTING:**

Hiermee verklaar ek die ondergetekende ___**Barbara Lang**___________ dat :

24.1 Ek die Voorsitter is van die Spesiale Algemene Jaar Vergadering gehou is te:
**Devon Boere Saal**

24.2 Die persone en organisasies wie se name verskyn op die naamlys wat hierby aangeheg is, die vergadering bygewoon het;

24.3 Almal teenwoordig op die vergadering eenparig ten gunste van die veranderings aangebring van die Vereniging ooreenkomstig hierdie konstitusie gestem het.

**GETEKEN TE DEVON OP HIERDIE ___10___ DAG VAN __Oktober 2018_________________.**

_________________________

**VOORSITTER**